

Sing vooraf: Psalm 104:21 (p. 511)

- 21 Al wie die HEER se lof mishaag, / laat hul soos stof voor wind vervaag!
My siel, wat uitsing tot Gods eer – / sing onvermoeid, en loof die HEER!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:1 (p. 330)

- 1 Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd, / laat wegvlug voor sy oë.
Hoe hoog die mens se trots mag gaan, / hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë.
As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn, / deur stormwind voortgedrewe.
Soos was wat smelt voor hitte en vuur, / het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik lewe.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons nietigheid en sondeskuld met Psalm 90:2 (p. 453)

Wet

Psalm 90:2 (p. 453)

- 2 Hoe nietig is die mens! Wat is sy lewe? / Wat hét die mens, al is hom veel gegewe?
U knak die steel van sy geswinde jare, / en hy gaan heen net soos die najaarsblare.
Want in u oog is duisend jare, HEER, / 'n enk'le dag, 'n nagwaak en niks meer.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 103:8 (p. 505)

- 8 Die mens – soos gras is al sy lewensdae, / 'n blom wat ons aanskou met welbehae,
maar wat kortstondig is en baie teer. / Sodra die rukwind oor die veld gekom het,
dan knak die steel wat lustig daar geblom het: / dis weg – sy staanplek ken hom selfs nie meer.

Skriflesing: Habakuk 1

Teks: Habakuk 1:11

Dan gly hy verby, 'n wind, en trek verder — maar word skuldig, hy wie se krag sy god is. (Habakuk 1:11 AFR1953)

Dan jaag hulle verder, hulle trek verby soos die wind. Vir hierdie sondige nasie is sy eie mag sy god.
(Habakuk 1:11 AFR1983)

Die mens is soos 'n wind wat verbytrek, en deur 'n stilte gevolg word asof daar nooit 'n geluid was nie.
Soos 'n blom wat verwelk en verdroog, en later kan niks getuig dat daar 'n blom gestaan het waar die wind oor die plek waai nie.

So is dit met die mens gesteld wat verkeerd lewe teenoor God. In sy roekeloosheid gly hy met sy kwaad deur die lewe soos 'n wind wat verbytrek. Maar sy kragte is beperk, want iewers vorentoe loop hy hom in die krag van God vas. Dan word hy deur God skuldig bevind. Dis nou die mens wat op die aarde so lewe dat sy eie krag sy god is, sê die Bybel.

Wat leer hierdie gedeelte in die Bybel ons?

1. Niemand se sonde gaan ongestraf voor die Here verby nie.

2. Waar lê die wortels van die sonde?

1. Niemand se sonde gaan ongestraf voor die Here verby nie.

Toe Habakuk sy boek geskryf het, was dit van die begin af duidelik dat toestande binne en buite die Godsvolk uiters ellendig is.

- Daar was geweld net waar hy met mense te doene gekry het. In sy eie volk het die mense geweld en onreg teenoor mekaar gepleeg.
- Die onregverdiges het die regverdiges verdruk. Anders gestel: die ongelowiges het die gelowiges verdruk.

Die profeet was so ontsteld hieroor dat hy sê:

Hoe lank, o HERE, roep ek om hulp, maar U hoor nie; skreeu ek tot U: Geweld! — maar U help nie? (Habakuk 1:2 AFR1953)

Die profeet probeer ook om sy volk se hart raak.

- Hy roep hulle toe dat hulle verbaas en verstom gaan staan as hulle sien wat gaan gebeur.
- Die Here sê dat Hy in hulle dae iets gaan doen wat so verskriklik is dat niemand hulle gaan glo as hulle dit oorvertel nie.

In hierdie toestand van emosionele ontsteltenis van die profeet laat die Here hom nog 'n gesig ook sien waarin die Here die oplossing vir hierdie probleem aan hom openbaar.

- Die Here gaan in "hulle dae" werk. Dit is dadelik – elke keer as daar ongehoorsaamheid en opstand teen Hom is – en dit geld ook van ons.
- Die Here gaan die Galdeërs opwek om hierdie volk van Hom met hulle geweldige manier van oorlog maak en hulle wreedhede aan te val en te oorwin.
 - Al is die Galdeërs goddeloos, gaan die Here hulle tog gebruik om Juda te straf sodat hulle berou kan kry oor hulle ongehoorsaamheid.
 - Die Here gaan die Galdeërs gebruik om die gelowiges te straf omdat hulle God verlaat het.

Dit is die oplossing wat op pad is vir hierdie probleem. As die volk van die Here dan bereid is om allerhande vorms van twis en geweld te beoefen, dan sal die Here dit so beskik dat hulle deur dieselfde sonde gestraf word. Hy stuur die Galdeërs om die volk in eie munt te gaan terugbetaal.

Hierdie Galdeërs se reg gaan van hulleself uit, en hulle trek onkeerbaar in hulle eie wil soos 'n wind oor die veld – soos wat Juda besig is om te doen!

Dit is vir die profeet byna te veel. Hy skreeu dit uit wat hy sien:

Ja, verwoesting en geweld is voor my oë; en daar is stryd, en twis begin. (Habakuk 1:3 AFR1953)

- Die twis sien hier op die binnelandse toestande.
- En die verwoesting en geweld is dit wat die gevolg is van die geestelike verval van die kinders van God.

Vers 4 openbaar aan ons hoe ernstig die toestande in Israel self werklik was.

- Die wet het kragteloos geword – daar is niemand meer wat die wet onderhou nie.
- Kan u dink hoe chaoties alles is as daar niemand is wat enige gesag van God of van die owerheid erken nie.
- Daarom gaan hulle net trane ken wanneer hierdie Galdeërs hulle onderwerp en oor hulle heers, want die pad van ware aanbidding aan die Here het hulle toegemaak.

Van wie praat die Here in hierdie hoofstuk? Dit gaan in hierdie gedeelte wat ons gelees het nie net oor individuele gelowiges nie. Dit gaan oor volkereverhoudinge.

- In die voorgrond is daar die verhouding van die gelowige volke tot God.
- Hulle word in Juda se geskiedenis gesimboliseer.
- Agter hierdie volke staan daar die volke wat God nie ken nie en nie aanbid nie.

Die gedeelte toon baie duidelik hoe God sy volk straf deur 'n goddelose volk te gebruik om te oorwin sodat hulle bekeer kan word. Maar dit openbaar ook hoe die Here dan tog uiteindelik die ongelowige volk se krag breek omdat hy nie in die krag van God geglo het nie, maar altyddeur op sy eie krag vertrou het.

2. Waar lê die wortels van die volke se sonde?

Uiteindelik gaan sowel Juda as die Galdeërs onder. Die oorsaak daarvan is ook by al twee dieselfde – die reg in hulle lewens begin by die verkeerde plek. Dit begin nie by die Here nie, dit begin by hulleself.

Die beginsel wat reg is, is dat jy na God moet luister.

- Hy moet jou persoonlike lewe lei. Hy moet ook jou volk aanvoer.
- Maar Juda het in sy mense, en in sy bestaan as volk, hierdie beginsel gemis.
- Daarom het die Here hulle onderwerp aan 'n volk wat met dieselfde beginseldwaling leef, naamlik om sy eie goeddunke te aanbid.

Die Bybel is in hierdie gedeelte weer treffend eerlik:

- By Juda was die resultaat geweld.
- By die Galdeërs was dit verwoesting.
- Sonder God verloor die mens alles wat goed en reg is.

Daarom is die keersy in ons teksvers beskryf:

- Die ongelowige mens gly verby soos 'n wind.
- Hy trek verder in sy eie krag.
- Maar sy eie krag wat ook sy god is, laat hom vorentoe in die steek. Hy is skuldig as hy voor God staan.

Hierdie saak is die eerste keer met Juda waar bewys. Hulle is skuldig aan Godsverlating en dit word op hulle gewreek deur die oorheersing van die Galdeërs.

Maar die Galdeërs was niks beter nie. Hulle is vinniger as luiperds om hulle roof te vang, en gouer as die aandwolwe – hulle het net geleef om te aas op ander mense en volke. Dis waarin hulle sterkte bestaan het. Daarom het hulle ook voor die oordeel van God geëindig.

Daar bou spanning op en mens vra jouself af: Wie is daar wat hierdie bouse kringloop gaan oorleef?

- Daarop antwoord die Here: Die regverdige:
- **Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe** (Habakuk 2:4).

Hierdie teks word in die Nuwe Testament herhaal in Romeine 1:17. Galasiërs 3:11 leer presies dieselfde.

Wat eintlik hier staan, is 'n profesie van die laaste tyd.

- Aan die einde van die tyd sal die volk van die Here God verlaat om in sy eie krag te lewe.
- Dit is die Christene in die verskillende volke – die kerk van die eindtyd – ons tyd.
- Dan gaan die Here die tyd beëindig deur dinge so te bewerk dat die goddeloosheid van die wêreld hulle gaan insluk.
- Dan kom die eindtyd, wanneer die Here hierdie laaste goddeloosheid ook gaan vernietig.

Ons staan vandag in presies dieselfde skoene as Juda. Ons geloofsgrense word oraloor bedreig deur vernietigende magte. En ons soek die oplossing oraloor op die verkeerde plek!

Moet ons nie dalk die jaar afsluit deur baie deeglik te besin, en die oplossing in ons eie harte gaan soek nie – in ons persoonlike verbintenis met God die Here?

- Is dit nie dalk waar al die ongeregtigheid gebore word wat ons so bedreig nie?
- Die probleem lê nie buitekant nie – die probleem lê moontlik meer binnekant ons hart en verstand as wat ons wil erken, want ons word baie keer vreemd van ons eie beginsels!

U kan self sien hoe daar by die dag vervlakking in die geestelike lewens van mense intree.

- Ons praat baie keer omdat so 'n groot deel van die jongmense in ons land so rof en verwilderd raak.
- Ons is uiters geskok as ons hoor van jongmense wat Satansaanbidders is. Maar sê nou vir uself:
- Is daardie kinders se ouers gelowiges wat tydens elke erediens die Here in waarheid aanbid?

Die probleem is waarskynlik in baie gevalle dat die ouers nie 'n lewende band met die Here het nie, en daarom kon hulle dit nie op hulle kinders oordra nie.

Ons moet weer met nuwe geloofskrag inval in ons gesamentlike aanbidding en persoonlike omgang met die Here.

- Ons moet weer skerp gaan dink oor ons beginsels, en met ernstige voornemens tot bekering kom waar daar leemtes in ons lewens is.
- Verder moet ons hierdie geloofsbeslistheid oordra in ons gemeenskap met ons gemeente. Dis wat ons moet doen.

Ons moet meer toekomsgerig wees. Ons moet lewe vir die koninkryk van God.

- Ons moet so loskom van die wêreld af dat ons met blydschap en gespanne verwagting die Here se wederkoms inwag.
- Ons moet nie in die eerste plek 'n bekeringslewe wil lewe omdat ons bang is vir die hel nie.
- Ons moet dit in die eerste plek doen omdat ons die Here liefhet en, so volmaak ons kan, sy beelddraers wil wees.

In hierdie gedeelte openbaar die Here dat Hy ontsteld is wanneer gelowiges hulle verantwoordelikhede begin verwaarloos en Hom verlaat. Daarom gee die Here hier 'n duidelike aanduiding van hoe Hy met sulke mense werk.

- In die eerste plek gaan die eenling wat in sy eie krag lewe, mettertyd tot niet gaan.
- Maar saam met hom sal die kerk wat die krag van God verruil het vir sy eie standarde en krag, ook verlore gaan.
- Sonder God beteken ook sonder toekoms. Daarom sal hulle ook wees soos die wind wat uitgewoed raak, en kagteloos voor sy geregtigheid staan om deur Hom geoordeel te word.

Is daar hoegenaamd iets bemoedigends? Ja, daar is redding! Die Bybel sê dat die regverdige sal oorleef.

- Hy sal juis oorleef omdat sy regverdigheid daarin bestaan dat hy glo dat God vir hom voorsien het omdat hyself nie die krag daarvoor het nie.
- Hy oorleef omdat sy sterkte nie sy eie krag is nie.
 - Sy sterkte is die krag van God.
 - Die krag van die Here Jesus Christus.

Dit is werklik iets om in te roem. Die Here Jesus Christus het in die krag van God volle gehoorsaamheid aan God betoon.

- Daarmee het Hy geopenbaar dat Hy die goddelike krag het wat die kragte van die mens en van die hel oorspan – so het Hy die Borg geword van ons saligheid.

Die Here Jesus het eenkeer gesê:

Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; (Johannes 11:25 AFR1953)

Wie in My glo, sal lewe! Dit is hoe daar redding is.

- Die wat regverdig wil wees deur die verdienste van Jesus, hulle sal lewe.
- Die wat regverdig is, glo in die Here Jesus Christus, en ook in sy verdienste.
- Hy glo dat die Here Jesus se kruisdood was sodat sy menslike swakhede daaraan gestraf kon word, maar ook sodat hy daardeur met God se geregtigheid bekleed kon word.

Die Here Jesus het natuurlik alles oorgekom waarvan ons teksgedeelte praat.

- Die Here Jesus Christus het ook gekom soos 'n wind – 'n Wind wat met geregtigheid oor die wêreld gewaai het.
- 'n Stormwind wat die doderyk uitmekaar gewaai het.

Hy het ook skuldig geword voor God, soos ons teksvers sê. Met die verskil dat Hy nie skuldig was oor sy eie sondes nie – Hy het skuldig geword om ander se sondes te dra.

Daarna kom die Heilige Gees ook soos 'n rukwind na die mens toe.

- Hy kom vestig Hom in ons sodat Hy ons met die krag van God lei, sodat ons onself aan ons eie swakhede kan ontdek.
- Juis sodat ons sal besef om nie in ons eie krag te lewe nie maar, gelei deur die Heilige Gees, met Goddelike insig die krag van die kruisverdienste kan benut.

Die Here herskep en verander ons sodat ons nie 'n wind sal wees wat kragteloos oor die aarde rondwaai nie, maar dat ons 'n krag van God sal wees wat met ons hele lewe sy lof verkondig.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 68:9 (p. 334)

- 9 Geloof sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewee.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 21 Oktober 2007 (oggend)